| | | |
|---|---|---|
| 1. | **BYWONING**<br>H. Visser (HV) 083 635 7805<br>G.J.Links (GL) 072 186 8938<br>A. de Wet (AdW) 073 582 8810<br>W. de Wet (WdW) 082 813 8387<br>J. Links (JL) 027 851 8638<br>W. Cloete (WC) 072 383 7006<br>A.W. Pienaar (AP) 084 460 1490<br>P. van Reenen (PR) 076 113 8491<br>S. Cloete (SC) 027 821 1373<br>J. Fortuin (JF) 027 8211 794<br>G. Nel (GN) 082 874 1910<br>V. Donaldson (VD) 082 432 1083<br>I. Aukamp (IA) 082 828 0668<br>J. Geering (JG) 083 632 7663 | |
| 2. | **VERWELKOMING**<br>G. Nel (GN) het almal by die vergadering verwelkom. | Terugvoer |
| 3. | **INLEIDING TOT DIE VERGADERING**<br>GN het agtergrond inligting rekande die voorgestelde projek asook die deelname van die belanghebbende partye aan die vergadering verduidelik. Daar is aan die vergadering gevra waar die mees geskikte plekke vir die plasing van verslae vir hersienning sal wees.<br><br>PowerPoint voorlegging deur GN en J.Geering (JG). | Biblioteke<br>Distriks Kantore<br>Gemeenskaps Inligting Sentrums |

| 4. | PUBLIEKE TERUGVOER | REAKSIE |
|---|---|---|
| 4.1. | G. Links (GL) het gevra of arbeid voorsien sal word en of enige gemeenskaps bemagtigtiging gedoen sal word. Hy versoek dat gebiedsvoorkeur gegee moet word vir die voorsiening van arbeid en dat die nodige opleiding aan die plaaslike gemeenskap verskaf moet word. | JG het verduidelik dat Eskom se kontrakteurs almal swart bemagtigings maatskappye moet wees. Die kontrakteurs kom gewoonlik met hulle eie werkers in die area aan. Die oprig van kragdrade lei gewoonlik nie tot groot arbeidskepping nie, aangesien dit baie gespesialiseerde werk is. Die enigste werklike geleentheid is handearbeid en ander geleenthede nie spesifiek verwant is wat aan die oprig van die kraglyn nie, soos byvoorbeeld die verskaffing van maaltye. Alhoewel kontrakteurs die werk doen, is daar altyd 'n Omgewings Beheer Beampte en 'n personeellid van Eskom op die terrein. |
| 4.2. | GL het beklemtoon dat plaaslike arbeidverskaffing baie belangrik is en het versoek dat 'n opname van die vaardighede wat in die gemeenskap beskikbaar is gedoen moet word. Hy het ook bevestig dat daar wel gespesialiseerde dienste in die omgewing beskikbaar is. | JG het geantwoord dat daar van kontrakteurs verwag word om so ver as moontlik van plaaslike arbeid gebruik te maak. Daar moet verkieslik 'n databasis wees waarvan die kontrakteurs gebruik kan maak, as hulle plaaslike mense in diens wil stel. |
| 4.3. | H. Visser (HV) het weereens beklemtoon dat arbeidsverskaffing en bemagtiging sensitiewe kwessies is. Hy wou ook weet of daar 'n bestaande serwituut is. | JG het aangedui dat die serwituut nog onderhandel moet word. |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4. | HV het versoek dat De Beers en die Namakwa, Richtersveld en Nama Khoi Munisipaliteite ook gekontak moet word. Hy wou ook weet of daar reeds ‘n bestaande serwituut in plek is. | GN het bevestig dat hulle reeds gekontak is, en dat die serwituut nognie in plek is nie. Hy he took gesê dat dit deels die doel is van die vergadering. |
| 4.5. | W. de Wet (WdW) het versoek dat hy graag ingelig wil bly oor die projek en het aangedui dat daar heelwat gemeenskapsorganisasies in die Richtersveld is. | JG het beklemtoon dat die gemeenskap ingelig moet word dat die projek nie tot groot werksverskaffing gaan lei nie. |
| 4.6. | WdW het die vergadering meegedeel dat kontrakteurs baie sosiale probleme skep, maar dat daar aan die ander kant ‘n hoë werkloosheid syfer in die omgewing is. Kapasiteits bou is baie belangrik, andersins word daar ‘n kultuur van “wag en voorgesê word” geskep. Hy het ook gevra of ‘n persoon werklik swart moet wees om bemagtig te word. Dit is van kardinale belang dat die plaaslike gemeenskap bevoordeel moet word deur die projek. | JG het vertel van ‘n projek in Mosselbaai waar al die plaaslike maatskappye byeen gekom het en ‘n forum gestig het. Hierdie forum het ‘n voorlegging aan Eskom gedoen, waarin hulle al die dienste wat beskikbaar is, bekend gestel het. |
| 4.7. | GL het genoem dat daar bekwame mense in die gemeenskap is wat nie formele kwalifikasies het nie. Hy voel dat hierdie mense ook die geleentheid gegun moet word om hulle self te bewys. Hy het navraag gedoen oor hoe werk uitgekontrakteer kan word. | |
| 4.8. | WdW het beklemtoon dat as Eskom ‘n negatiewe visuele impak gaan teweeg bring met die oprigting van kraglyne moet hulle iets in die gemeenskap in terugploeg. Die gemeenskap sit met die probleem van kontrakteurs wat kinders nalaat in die gemeenskap. | |

| | | |
|---|---|---|
| 4.9. | GL het versoek dat A. de Wet (AdW) 'n lys van diensverskaffers in die gemeenskap moet opstel, en binne twee weke aan Ilse Aucamp moet verskaf | AdW het ingestem om so 'n lys op te stel. |
| 4.10. | WdW het versoek dat 'n gemeenskapsforum gestig moet word. | JG het aangedui dat dit 'n moontlikheid is, en al voorheen gedoen is.<br><br>I. Aucamp (IA) het verduidelik dat 'n geemeenskapsforum en omgewingsforum gewoonlik as deel van die Omgewings Impak Studie proses gestig word, en dat dit in hierdie geval ook aanbeveel sal word. |
| 4.11. | WdW wou weet wie die verantwoordelike persoon sou wees. | IA het verduidelik dat die konsultant gewoonlik die eerste vergadering reel, en dit daarna die verantwoordelikheid van die gemeenskap en Eskom sal wees om te sorg dat die forum voortbestaan. Dit is belangrik dat die gemeenskap eienaarskap van so 'n komittee neem/ aanvaar.<br><br>JG het beklemtoon dat die beste manier om dit te doen, ondersoek moet word. |
| 5. | **AFSLUITING**<br>GN het gevra of daar enige verdere vrae is. Nadat daar 'n aanduiding gegee is dat daar geen verdere vrae was nie, is die vergadering verdaag. | |